LAERSKOOL
DOELGERIG
TYGERPOORT

# Ouerinligtingstuk
# Graad 6

## 2021







# Afrikaans Huistaal

Juf. Karen Roberts
kroberts@tygies.co.za

Juf. Alishia van Niekerk
avanniekerk@tygies.co.za

Juf. Carlien Ras
cras@tygies.co.za

# Afrikaans

**Beste graad 6-ouer**

- Welkom by Afrikaans graad 6 (2021). U het nou al reeds van u kind se skrifte en handboeke ontvang vir die jaar, dankie vir die oortrek daarvan.
- Elke Huistaalskrif het 'n werkswyse wat u kind voor in sy /haar skrif geplak het, lees asb. deur die werkswyse en teken dit sodat daar geen verwarring is sou u kind afwesig wees of van die klaswerk mis nie.
- Leerders se boeke sal gereeld gekontroleer word met 'n stempel. Dit is egter belangrik dat leerders hul memo's en nasorg deeglik neerskryf aangesien baie van hul voorbereiding vir formele assesserings ook uit hul skrifte sal geskied.
- U kind sal ook aan die begin van elke kwartaal 'n assesseringbeplanning ontvang wat voor in hul skrif geplak sal word sodat u sal weet wanneer assesserings plaasvind. Kyk gerus daarna sodat u kind met selfvertroue en voorbereid waar nodig, by die skool sal instap.
- U as ouer word ook vriendelik versoek om gereeld deur u kind se skrif te blaai. Leerders sal soms 'n ouerhandtekening-stempel ontvang as hul werkstukke nie voltooi het nie en hulle van die werk moet inhaal.
- Die week se werk word ook aan die einde van die week op Google Classroom gelaai sodat leerders verlore werk kan inhaal.
- Hou asb. altyd in gedagte dat 'n georganiseerde leerder 'n gelukkige leerder is.

Ons sien uit na 'n voorspoedige 2021 en positiewe samewerking tussen ouers en onderwysers.

U graad 6-Afrikaanse personeel:

Me. K. Roberts

Me. C. Ras

Me. A. van Niekerk





# Engels Eerste Addisionele Taal


Juf. Hannelie Vlok
hvlok@tygies.co.za

Juf. Denise Bishop
dbishop@tygies.co.za


# Engels

Hierdie vak bestaan uit assesserings vir:

- Oral (Reading aloud)
- Writing an essay
- Reading Comprehension Test
- Language Test

- Die datums en wat die leerlinge moet leer is voor in hul "Workbook" geplak. Leerlinge werk uit 'n handboek (Solutions for All,) die Departement se werkboek (DBE) en 'n algemene gids met inligting en oefeninge (Language Skills; Hints and Tips) U as ouer moet asb. deeglik na die assesseringsdatums kyk en verstaan dat u kind op daardie dae voorbereid by die skool moet wees.
- Blaai asb. gereeld deur u kind se werkboek. U sal opmerk dat werk gereeld gemerk word en dat wenke vir verbetering aangedui word. U kind sal van tyd tot tyd huiswerk kry en dit behels gewoonlik werk wat nie in die klas afgehandel is nie, asook leerwerk. Leerlinge moet netjies in lopende skrif skryf.
- Dit is uiters belangrik dat u kind boeke en tydskrifte in Engels moet lees. Wees asb. bedag op swak uitspraak en taalgebruik soos in TV-programme, flieks en sekere boeke. Ons volg Suid-Afrikaanse- of Britse Engels se uitspraak, spelling en grammatika.

Sterkte vir die jaar!
Mev. H. Vlok en Me. D. Bishop





# Wiskunde

Juf. Lizemarie Smith
lsmith@tygies.co.za

Juf. Rachelle van Deventer
rvdeventer@tygies.co.za

# Wiskunde

**Wat kan verwag word hierdie jaar:**

- Onder die datum en opskrifte is die aktiwtiteite wat die leerders gaan doen.
- Leerders ontvang elke dag 'n voorbeeldpapier waar die werk verduidelik word saam hulle.
- Klaswerk wat nie voltooi is nie, moet asseblief by die huis voltooi word.

**Werkswyse, uitleg en gebruik van boeke**


- Die Wiskundewerkswyse is voor in boek 1 en 2 van die leerders se skrifte. ( Ouers en leerders moet dit lees en teken.)
- Daar is 3 boeke asook 'n DBE: Boek 1 en 2 word die meeste gebruik vir elke dag se klaswerk.

  Boek 3 word vir ekstra notas, heronderrig en hersiening gebruik.

  DBE word selektief gedoen. Ekstra oefening kan hierin gedoen word.
- Die Pramaths handboek kan die leerders gebruik om uit te leer en hersiening te doen..

**Assesserings van die jaar, kwartaal en gewigte**

- Leerders ontvang 'n afbakening wat hulle agter in boek 1 plak. ( Dit moet asseblief geteken word.)
  - Wiskunde bestaan uit 5 konsepte waarvan elke konsep 'n ander gewigswaarde het.





# Sosiale Wetenskap

Mnr. Steps Erasmus
steps@tygies.co.za

Mnr. Marius Carnie
mcarnie@tygies.co.za

# Sosiale Wetenskap

Baie welkom by 2021 se SW-klas.

Die leerders het alreeds albei hulle SW-skrifte en handboek ontvang. Dankie vir diegene wat dit alreeds oorgetrek het.

Die rooster maak voorsiening vir 1x periode vir SW per dag. Skrifte en handboek dus elke dag by die skool, asb!!

Aangesien ons eintlik 2x vakke (Geografie en Geskiedenis) per kwartaal bestudeer sal ons eers in Kw 1 Geskiedenis en dan Geografie, in Kw 2 Geografie dan Geskiedenis, in Kw 3 eers Geskiedenis en dan Geografie en in Kw 4 Geografie en dan Geskiedenis doen.

Die aktiwiteite wat in die skrifte gedoen word per dag is relatief kort en leerders behoort in die klas dit te kan voltooi - indien nie word dit outomaties huiswerk.

Die Assesseringsbeplanning vir die hele jaar is op die tweede bladsy van die Geografieskrif geplak. 'n Formele eksamen word in kw 2 en 4 geskryf en in Kw 1 en 3 toetsreekse en praktiese opdragte.

Die werk wat per week in die klas behandel word, word die vorige Do op "Classroom" gelaai. Die memorandums is dan ook die vorige week se aktiwitiete s'n.

Indien u kind afwesig is kan hy die spesifieke dag se werk op "Classroom" vind. Let daarop dat dit die leerder se verantwoordelikheid bly om verlore werk in te haal. Dieselfde geld vir die nasorg.

Mnr'e Carnie en Erasmus onderrig u kind vanjaar in die SW-klas.







# Natuurwetenskap

Juf. Lizemarie Smith
lsmith@tygies.co.za

Mnr. Jacques du Plessis
jduplessis@tygies.co.za

Mnr. Waldo Prinsloo
wprinsloo@tygies.co.za

# Natuurwetenskap

**Beste Gr 6 ouer/s**

Baie welkom by Gr 6 Natuurwetenskap en Tegnologie. Ons sien uit na die jaar van 2021.
Ons het 2 x skrifte in NW waar daar in kwartaal 1 & 2 in die groen skrif gewerk word en kwartaal 3 & 4 in oranje skrif. Leerders moet asb elke dag hulle skrifte by die skool hê. Hou asb ook elke week Google Classroom dop vir enige inligting vanaf die NW-personeel. Aktiwiteite in die klas is kort, maar indien leerder dit nie voltooi nie is dit huiswerk. Indien ń leerder afwesig was is dit die leerder se verantwoordelikheid om die werk op te vang. Leerders moet asb volledige nasorg in potlood doen by hulle aktiwiteite omdat memorandums nie in die boeke geplak gaan word nie.
Vir alle toetse en eksamens is dit belangrik dat leerders uit hulle skrifte en hanboeke moet leer.
Die assesserings vir die jaar lyk soos volg:

- **Kwartaal 1 & 3**
  1 x Toets - 40 punte
  1 x Ondersoek - 20 punte
- **Kwartaal 2**
  1 x Ondersoek - 20 punte
  1 x Eksamen - 60 punte
- **Kwartaal 4**
  1 x Eksamen - 60 punte

Moet asb nie huiwer om ons te e-pos indien daar enige navrae is nie.
Groete van die Gr 6-personeel
Mev L Smith
Mnr J Du Plessis
Mnr W Prinsloo






# Lewensvaardighede

Mnr. Juan Annandale
logistiek@tygies.co.za

Mnr. Jimmy Kruger
it@tygies.co.za

Juf. Nidia Coetzee
kultuur@tygies.co.za

Mnr. Marius Carnie
mcarnie@tygies.co.za

# Lewensvaardighede

Hierdie vak bestaan uit drie afdelings nl. Persoonlike- en sosiale welstand, liggaamlike opvoeding en skeppende kunste.

Al drie afdelings se punte word saam verwerk uit ‘n punt van 100.

PSW = 30%

Kwartaal 1 en 3 word een assessering in die klas gedoen en in kwartaal 2 & 4 word ‘n toets of eksamen geskryf.

LO = 30%

In hierdie afdeling is deelname uiters belangrik! Dit tel 20% en dan word twee assesserings van 5 punte elk gedoen om die ander 10% te dek.

SK = 40%

Een praktiese assessering word van 40 punte word in die klas geassesseer.

‘n Afgerolde werksboek word in PSW en SK gegee waarin skriftelike werk gedoen word.

## Slaagvereistes:

- Afrikaans Huistaal 50%
- Engels Eerste Addisionele Taal 40%
- Wiskunde 40%
- 40 % vir enige 2 van die oorblywende vakke

# Baie dankie vir u tyd. Baie sterkte vir die akademiese jaar!

*"If You are planning for a year, sow rice; if you are planning for a decade, plant trees; if you are planning for a lifetime, educate people"*

*Chinese Proverb*